higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Een van die hoofdoelwitte van moderne verteenwoordiging in die regering is om die mag wat politieke verteenwoordigers het, te beperk.

1.1.2 Provinsies het hulle eie regsinstellings.

1.1.3 Die Nasionele Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies neem wette aan.

1.1.4 Die skeiding van magte verdeel die mag van die staat tussen die uitvoerende gesag, die wetgewer en die regterlike gesag.

1.1.5 Gekose politieke verteenwoordigers is nie aanspreeklik vir hulle beleide en hulle gedrag nie.

1.1.6 Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) verseker vry en regverdige verkiesings.

1.1.7 Demokrasie beteken dat die mense nie diegene wat aan bewind is in die openbaar vir hulle dade, besluite, besteding, wette of beleide aanspreeklik mag hou nie.

1.1.8 Munisipale komitees verseker dat munisipaliteite oor genoeg finansies beskik om dienslewering te voorsien.

1.1.9 Die Administratiewe Uitvoerende Gesag moet sorg dat die Politieke Uitvoerende Gesag wette en beleid implementeer.

1.1.10 Die president het al die uitvoerende gesag op 'n nasionale vlak.

1.1.11 Die funksie van die Konstitusionele Hof is om vas te stel wat die betekenis van die Grondwet te bepaal.

1.1.12 Die landdroshof behandel die ernstigste strafsake.

1.1.13 Publieke administrasie omskep aksies in wette.

1.1.14 Die provinsiale wetgewer mag nie die Grondwet van die provinsie goedkeur of wysig nie.

1.1.15 Om inflasie te voorkom is nie 'n noodsaaklike vereiste vir ekonomiese groei nie.

(15 × 1) (15)

1.2 Gee 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die 'n term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die dokument wat die basiese beginsels bevat waarvolgens 'n land regeer word

1.2.2 Die titel van die uitvoerende hoof van 'n staatsdepartement

1.2.3 Die regering se beleidsdokument, werkprogram en beheerstelsel vir alle staatsbesteding en -inkomste

1.2.4 Hierdie instellings is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitoefening van die uitvoerende funksies van 'n nie-politieke aard

1.2.5 'n Georganiseerde samelewing wat 'n gedefinieerde grondgebied bewoon en dit het 'n gesaghebbende regering wat onafhanklik van eksterne beheer is

(5 × 2) (10)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

Uitvoerende liggame is onafhanklike politieke belanghebbendes. Die regering en sy staatsdepartemente speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika se demokrasie.

2.1 Wat is de verskil tussen staatsdepartement en kwasi-outonome instellings of Hoofstuk 9-instellings? (5 × 2) (10)

2.2 Waaraan is die Hoofstuk 9-instellings onderhewig? (2)

2.3 Demokrasie word deur beginsels ten uitvoer gebring. Een van die beginsels is 'n waarborg ten opsigte van die reg tot basiese menseregte en vryheid.

Noem VIER beginsels van 'n demokratiese staat. (4)

2.4 Gee die samestelling van die Konstitusionele Hof. (3)

2.5 Noem en bespreek DRIE maniere waarop die regering inflasie kan bekamp. (3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 3

3.1 'n Gesin is 'n groep mense wat óf biologies (deur geboorte) óf wettig deur 'n huwelik of aanneming aan mekaar verwant is.

Noem DRIE eienskappe van 'n egalistiese gesinstelsel. (3 × 2) (6)

3.2 Noem VYF kwalifikasies vir 'n franchise-houer, soos deur die Kieswet (Wet 73 van 1998) bepaal word. (5)

3.3 Noem die liggaam wat die wetgewende gesag op die sentrale regeringsvlak uitvoer. (2)

3.4 Wat is die impak van inflasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie?? (4 × 2) (8)

3.5 Noem VIER dienste wat deur die plaaslike regering aan gemeenskappe gelewer word. (4)

[25]

VRAAG 4

Die parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

4.1 Hoeveel lede word tot die Nasionale Raad van Provinsies gekies? (2)

4.2 Wat is die vereistes om vir lidmaatskap tot die Nasionale Vergadering te kwalifiseer? (2 × 1) (2)

4.3 Noem DRIE diskwalifikasies vir lidmaatskap tot die Nasionale Vergadering. (3)

4.4 Noem DRIE maniere waarop Parlement funksioneer. (3 × 2) (6)

4.5 Wie dien as Voorsitter van die Nasionale Vergadering? (2)

4.6 Noem VYF van die verskeie belange wat die Grondwet in gemeenskappe wil toelig. (5 × 2) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou